Carike, Laurika, Mynie en Sonja vir die eerste keer saam . . .

HIER is vier van die bekendste gesigte in die land, maar dit is die heel eerste keer dat hulle saam afgeneem word, selfs saam by dieselfde geleentheid was. Ja, dit is Carike Keuzenkamp, Laurika Rauch, Mynie Grové en Sonja Herholdt wat afsonderlik in die TV-trefferreeks, In Revue, optree — Mynie kom Woensdagaand aan die beurt (lees die berig oor haar op bl. 32).

Die vier top-sterre is vandeesweek by RAPPORT se kantoor in Johannesburg afgeneem en terwyl dit gedoen is, het hulle lustig saam begin sing. Geen wonder al die redaksiekantore het leeg gestaan nie.

Vir die unieke foto het Nardus Nel hard gewerk. Ná drie dae en tientalle oproepe het hy uiteindelik daarin geslaag om al vier bymekaar te kry. Maar soos gesien kan word, was dit die moeite werd.